{Onversorgde kern aantekeninge van die liturg}

DRIE-EENHEIDSONDAG
BEVESTIGING VAN KERKRAAD: Rika Els & Marius Botha
Die kerk leef met gestremdhede

Tekste: Gesang 466; Romeine 12: 1-8; Gesang 269.
Liedere: Gesang 266; Gesang 279; Gesang 309: 1-3; Gesang 308: 1-5; Gesang 314.

WYDING:

Geliefdes, ons begin vandag weer met 'n stil gebed, die Onse Vader speel. Na die Onse Vader sing ons gesang 279.

VOTUM:

Drie-enige God, aan U die eer en dank vir u genade. Soli Deo gloria! (Gesang 446)

SEËN:

Genade en vrede vir julle van God ons Vader en van Jesus Christus, die Here en van die Heilige Gees. Amen (Apostoliese seëngroet).

Met ons oor en hart het ons na die votum en die seën geluister. Nou bely ons met toewyding die woorde van Gesang 309: 1-3 ~ My lewe bly aan U gewy.

GELOOFSBELYDENIS:

Dit is vandag Drie-eenheidsondag en vir ‘n oomblik staan ons stil by die Drie-enige God. In ons Kerk het ons drie

belydenisskrifte wat kort opsommings is van wat ons glo, asook van wat ons oor die Drie-eenheid van God glo. Die drie belydenisskrifte is:

(i) Die apostoliese geloofsbelydenis in 150 nC in Rome opgestel. In hierdie belydenis word in 12 punte saamgevat wat ons glo. Daarom staan dit ook bekend as die Twaalf Artikels.

(ii) Die geloofsbelydenis van Nicéa. Ouderling Arius het geleer dat Jesus Christus slegs ‘n mens was. Dit het die kerk ontstel, en daarom gee keiser Konstantyn ‘n vergadering van biskoppe opdrag om teenoor hierdie dwaalleer die ware geloof suiwer te verwoord. Die geleentheid vind in 321 nC in Nicéa plaas.

(iii) Die geloofsbelydenis genoem na Athanasius is waarskynlik in 428 nC opgestel. Dit is oorspronklik in Grieks in Rome opgestel.

Hierdie drie geloofsbelydenisse bespreek onder andere die verhouding tussen Vader, Seun en Heilige Gees.

Lees vandag, ook met jou hart, saam met my die geloofsbelydenis van Nicéa:

Ons glo in een God, die almagtige Vader, die Skepper van die hemel en die aarde, en van alle sienlike en onsienlike dinge;
en in een Heer, Jesus Christus, die eniggebore Seun van God, gebore uit die Vader voor alle tye; God uit God, Lig uit Lig, waaragtige God uit waaragtige God, verwek, nie gemaak nie, een in wese met die Vader; deur wie alle dinge ontstaan het; wat ter wille van ons, die mense, en ter wille van ons saligheid, neergedaal het uit die hemel, vlees geword het deur die Heilige Gees uit die maagd Maria, en mens geword het, wat selfs vir ons gekruisig is onder Pontius Pilatus, gely het en begrawe is; en op die derde dag opgestaan het volgens die Skrifte; wat opgevaar het na die hemel, en wat sit aan die regterhand van die Vader; wat weer sal kom met heerlikheid om te oordeel, dié wat nog lewe

en dié wat reeds gesterf het; wie se koningsheerskappy geen einde sal hê nie;
en in die Heilige Gees, die Heer en Lewendmaker, wat van die Vader en die Seun uitgaan, wat saam met die Vader en die Seun aanbid en verheerlik moet word, wat gespreek het deur die heilige profete.
Ons glo een heilige, algemene kerk, gegrond op die leer van die apostels.
Ons bely een doop tot vergifnis van sondes; ons verwag die opstanding van die ontslapenes, en die lewe van die toekomstige eeu.

Amen

GEBED:

PREEK:

Oor jare en jare bely ons soos die kerk en saam met die kerk: *Ons glo een heilige, algemene kerk, gegrond op die leer van die apostels ... Ons glo een heilige, algemene kerk, gegrond op die leer van die apostels*.

Ons glo in die kerk. Miskien is dit tyd dat ons doen wat ons sê. Ons glo in die kerk. Die kerk word in die Bybel ook die bruid van die Bruidegom (Jesus Christus) genoem. Reg deur die Bybel lees van ons van die kerk van Jesus Christus. Dit kerk is God sin. Hy het die kerk geroep. Hy rus die kerk toe en Hy stuur die kerk in die wêreld uit. Ek sal dus baie versigtig wees om die kerk van God enige skade te doen ~ enige skade.

Ons lees in die Ou Testament dat die kinders van God offers moes bring om versoening tussen hulle en God te bewerkstellig. Dan kom Jesus Christus ~ die volmaakte offer. Nou bring ons nie meer offers op die altare nie, maar ons word dankbare lewende offers vir God. Die gemeenskap van gelowiges wat leef soos God dit wil. Die gemeenskap van gelowiges wat God se hande en voet op hierdie aarde word. Ons word die liggaam van God ~ God se kerk.

Tekste: Gesang 466; Romeine 12: 1-8; Gesang 269.
Liedere: Gesang 266; Gesang 279; Gesang 309: 1-3; Gesang 308: 1-5; Gesang 314.

Paulus skryf in sy brief aan die Romeine hieroor. Romeine is Paulus se jongste en langste brief. Omdat Paulus hierdie brief laaste geskryf het is dit asof hy vir oulaas alles met die kinders van God wil deel. Dit is beknop, dit is haastig, dit is breedvoerig. Paulus se briewe word in die Nuwe Testament van die langste tot die korste brief geplaas en daarom is Romeine eerste in die Nuwe Testament.

ROMEINE 12: 1-8

[1]En nou doen ek 'n beroep op julle, broers, op grond van die groot ontferming van God: Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen. [2]Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is.
[3]Kragtens die genade wat aan my gegee is, sê ek vir elkeen van julle: Moenie van jouself meer dink as wat jy behoort te dink nie. Nee, lê jou liewer daarop toe om

beskeie te wees in ooreenstemming met die maat van geloof wat God aan elkeen toebedeel het. [4]Ons het baie lede in een liggaam, en die lede het nie almal dieselfde funksie nie. [5]Net so is ons, al is ons baie, in Christus een liggaam, en almal afsonderlik lede van mekaar. [6]Ons het genadegawes wat van mekaar verskil volgens die genade wat God aan elkeen van ons gegee het. As dit die gawe van profesie is, laat ons dit gebruik in ooreenstemming met die geloof wat ons bely. [7]As dit is om te dien, laat ons dien. As dit is om onderrig te gee, laat ons onderrig gee. [8]As dit is om mense te bemoedig, laat ons hulle bemoedig. As ons gee, laat dit sonder bybedoelings wees. As ons leiding gee, dan met toewyding. As ons ander help, dan met blymoedigheid.

Ek dink weer aan die woorde: nou moet ons lewende offers word. Hoe? Ons moet die gawes wat God ons gegee het uitleef. Ons moet dit uitleef tot uitbouing van Sy koninkryk ... lewende offers, wat vir God aanneemlik is.

Dit beteken ons plaas God in die middelpunt. God roep ons, Hy berei ons voor en Hy stuur ons. Ek en jy ontvang van God gawes, party meer as ander, maar dit is nie belangrik hoeveel gawes ek het nie. Dit is veel belangriker dat ek God se saak dien met die gawes wat ek van Hom ontvang het. Wanneer ek met God se gawes aan my woeker sal ek van God ook meer en meer gawes ontvang ... die wat het sal meer kry!

Daarom word die gemeenskap van gelowiges, die kerk, beskryf as die liggaam van God. Ons is almal lede van een God se liggaam. Party van ons is die oë en ander die voet en nog ander die oor en ander die hande. Die gedeelte in die Bybel sê nie een van die ledemate is belangriker as die ander een nie. Ons is almal gelyk. Ons is almal deel van die liggaam van Christus.

Maar ons is lewende offers, lewende ledemate van die liggaam van Christus. Tog gebeur dit dat die liggaam van God gestremd raak. Daar is lede van die liggaam wat te besig is, te moeg is, nie mooi weet nie, wat eintlik nie deel

van hierdie liggaam wil wees nie. Ander ledemate van die liggaam is gestremd omdat hulle nie die gawes wat hulle van God ontvang het wil gebruik en leef nie.

‘n Persoon met gestremdheid is nog mens, volledig mens. Kind van God is die volste sin van die woord, maar mense wat met gestremdhede leef moet meer opofferings maak en meer aanpassings om blymoedig met die lewe te kan voortgaan.

As ek sê die kerk leef met gestremdhede dan verwys ek na die ledemate wat nie hulle gawes gebruik nie. Ledemate van die liggaam van Christus wat lui geraak het, ongevoelig geraak het, passief geraak het. Wie se ore, hand en hart vir God se roeping toegegaan het. Tog in die oë van God bly die gestremde kerk volledig kerk, God se kerk en leer ons om met meer aanpassings blymoedig voort te dien.

Paulus se brief aan die gelowiges in Rome noem sewe gawes wat die kerk van God sterker kan maak:

- Profesie. Dit beteken nie die vermoë om voorspellings oor die toekoms te maak nie. Dit beteken die vermoë om God se wil aan ander bekend te maak.
- Diens. Dit beteken die vermoë om goed te doen aan ander.
- Onderrig: Dit beteken die vermoë om vir ander mense van God te leer.
- Bemoedig: Dit beteken die vermoë om ander te help opstaan.
- Gee, die teks sê laat dit sonder bybedoelings wees. Om te gee is beter as om te ontvang. Ons lewe nie in ‘n gee-era nie, maar in ‘n ontvang-era. Ons mense wil meer en meer hê. Dit is hulle mensereg sê hulle. Maar dit is ‘n gawe van God om eerder te gee!
- Hulpverlening: Die vermoë om ander mense en hulle nood eerste te stel.
- Leierskap: Die vermoë om vir ander die pad te wys. Dit is interessant dat die Bybel sê as ons leiding gee, dan moet dit met toewyding wees.

Hierdie gemeente is vol gawes, talente en mense met sterkpunte ... tog bly ons ‘n gemeente wat met gestremdheid leef. Te veel van ons ledemate het verskonings en redes om ware lewende offers, wat vir God aanneemlik is, te word.

Elke gemeente het lidmate nodig wat leiding gee. In die kerk kan sulke mense die Kerkraad van die gemeente wees. Vrydag het ek saam met ons nuut verkose kerkraadslede koffie gedrink en ek het van hulle toewyding gevra ~ net soos hierdie teksgedeelte sê.

Geliefdes ek vra dat die nuut verkose lede (Rika Els en Marius Botha), saam met die res van die kerkraad na vore sal kom.

Gemeente van ons Here Jesus Christus!
God gebruik mense om sy werk in die kerk en in die wêreld te doen. Daarvoor rus die Heilige Gees gelowiges met gawes vir hulle dienswerk toe.

God roep ook sekere mense om besondere dienswerk te verrig. Die Bybel getuig dat hierdie dienswerk van vroeg af in die kerk bestaan het. Hierdie bedieninge het onder andere gestalte gekry in die verkondiging, die gee van leiding en versorging. Dit het ontwikkel tot die ampte soos ons dit vandag ken, naamlik die amp van predikant, ouderling en diaken. Om hulle ampswerk te verrig, behoort die kerkraad die Woord van God ywerig te bestudeer, eredienste getrou by te woon en in toewyding aan God te lewe.

Soos herders, moet lede van die kerkraad met hulle dienswerk die gemeente voorgaan in geloof en met liefde.

Die kerkraad se dienswerk behels ook om die predikant te ondersteun, die gemeente te begelei en te bestuur, asook om middele te vind wat die voortgang van die evangelie in die wêreld bevorder. Deur hierdie diens van die kerkraad rus Christus die gelowiges toe om mee te werk aan die opbou van sy liggaam.

Uit dankbaarheid vir die liefde en genade van God in Jesus Christus, reik ons uit na mense. Lede van die kerkraad moet die gawe hê om nood in die gemeente en gemeenskap raak te sien. Hulle behoort ook middele te vind om hulp te verleen en die gemeente aan te moedig om mekaar en ander se laste te dra.

Hierdie versorging gaan altyd gepaard met die verkondiging van die evangelie van liefde en hoop. Só word God se barmhartigheid in die wêreld sigbaar.

Geliefde broers en susters, God het u deur sy gemeente geroep om die dienswerk wat aan u voorgehou is, te verrig. Voordat u op die kerkraad bevestig kan word, moet u eerlik op die volgende vrae antwoord:

- Glo jy dat God jou, deur die gemeente, tot hierdie dienswerk geroep het?
- Glo jy dat die evangelie alles wat vir ons verlossing nodig is, bekend maak, soos belig in ons belydenis?

- beloof jy om hierdie werk getrou en met toewyding te verrig en om deurlopend daaroor verantwoording te doen?

Hierop antwoord elkeen individueel met die uitlees van sy/haar naam:

Kom ons bid vir mekaar.

Ons slotsang is Gesang 308: 1-5

SEENGROET:
God bly met ons, waar ons ook mag gaan. Mag sy Gees ons lei en heilig en altyd deur beveilig. Mag sy sterk hande ons behoed, daagliks ons met Sy manna voed. As ons struikel mag die Vader ons deur Sy liefde nader trek. Mag Hy in gevaar, angs en lyding ons deur sy almag bevryding gee. God bly met ons waar ons ook mag gaan (vgl. Gesang 269: 1-4). Amen.

Gesang 314